

In Oktober 1890 het die direkteure van De Volksstem Maatschappij besluit om 'n afsonderlike weekblad, *Mercantile Advertiser/Handels Advertentieblad*, uit te gee onder beheer van Engelenburg en M.P.C. Valter. Aanvanklik is dit op die rekening en risiko van die Volksstem-maatskappy bedryf. Hulle het ook die Engelse uitgawe van die *Government Gazette* behartig.⁵⁹ Engelenburg en Valter het 'n plek gesoek om die kantore en drukkerij te huisves en het die regering genader om 'n huurlokaal in die Staatsdrukkerij se gebou in Kerkstraat-Oos aan hulle toe te staan.⁶⁰ Die *Mercantile Advertiser/Handels Advertentieblad* en die *Government Gazette* is daarvandaan gratis versprei en bekostig deur besighede wat daarin geadverteer het. Reeds ná die eerste ses maande het dit 'n wins getoon.⁶¹ In 1897 en 1898 was hulle in 'n gebou in Pretoriusstraat⁶² en dus nie meer in Kerkstraat-Oos by Erf 326 nie. In 1899 het die *Mercantile Advertiser/Handels Advertentieblad*, asook *De Volksstem*, lankal reeds telefone gehad.⁶³ Pretoria het in 1891 vir die eerste keer 'n telefoonstelsel gekry. Teen 12 Februarie daardie jaar was die telefoonpale reeds geplant en die drade gespan:

Reeds dikwyls keken we met smachtenden blik naar de ijzeren palen, die het draden-net der stedelijke telefonie boven Pretoria in positie houden.⁶⁴

Veral wanneer dit so baie warm was en die inwoners ver geloop het, is gewens dat die stelsel al in werking was. Engelenburg het ook gemeen dat menige wandeling of rit bespaar sou word

... ten minste voor het geval dat een genoegzaam aantal bezigheidsmannen zich aan het net hadden aangesloten.⁶⁵

Hy het die gemeenskap daarop gewys dat Pretoria langsamerhand 'n werklike wêreldstad sou word met sy groot hotelle, regeringspaleise en die steeds toenemende aantal huise wat gebou word. Spoedig sou die dorp 'n waterleiding ontvang, asook 'n brandweer, 'n

⁵⁹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, Finansiële verslag van *De Volksstem Maatschappij*, 9 Julie 1891.

⁶⁰ NASA, Pretoria, TAB, SS, 2533, R13173/90, F.V. Engelenburg – Staatsekretaris, Oktober 1890.

⁶¹ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, Finansiële verslag van *De Volksstem Maatschappij*, 9 Julie 1891.

⁶² H. Longland, *Longland's Pretoria Directory for 1897*, p. 655; en H. Longland, *Longland's Pretoria Directory for 1898*, p. 125.


⁶³ H. Longland, *Longland's Pretoria Directory for 1899*, pp. 243-244.

⁶⁴ F.V. Engelenburg, "Praatjes van den dag", *De Volksstem*, 12.2.1891.

⁶⁵ F.V. Engelenburg, "Praatjes van den dag", *De Volksstem*, 12.2.1891.




Illustrasie 4: Engelenburg het soms gehelp om koerante af te lewer. Die spotprent is geteken deur William Howard Schröder (1851-1892). Die skets is voor 1892 gemaak, dus voor Schröder se dood. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, koerantknipsel, datum en koerant waarin dit verskyn het onbekend.




Illustrasie 5: *De Volksstem*-gebou in Kerkstraat-Oos waar Engelenburg begin werk het.
Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-versameling, foto 1765.



Illustrasie 6: Personeel van *De Volksstem* voor die koerant se kantore in St. Andriesstraat 190.
Engelenburg sit heel voor in die middel met die strikdas. Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria,
Pretoriana-fotoversameling, no. 341.



Illustrasie 7: Die drukpers van *De Volksstem*.
Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 435.



Illustrasie 8: *De Volksstem* se settery.
Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, foto verkry van 'n glasplaatjie-negatief.

landboutentoonstelling en dergelike dinge wat in geen metropolis mag ontbreek nie. Dit was dus noodsaaklik dat die telefoonstelsel spoedig in werking kom.⁶⁶

Engelenburg en Valter het vanaf 1890 ook 'n boekhandelsaak bedryf, naamlik *De Transvaalsche Boekhandel*. Dié was in *De Volksstem* se gebou op die hoek van Proes- en St. Andriesstraat gehuisves, met Valter as bestuurder.⁶⁷ Met hulle werksaamhede by *De Volksstem* kon Engelenburg en Valter nie al die besighede alleen bestuur nie, met die gevolg dat hulle op 28 Oktober 1895 Izaak Wallach (1871–1961) by die *Mercantile Advertiser* en *Handels Advertentieblad* aangestel het. Wallach was die seun van Moritz Wallach. Laasgenoemde was van Joods-Duitse afkoms en oorspronklik van Hesse-Kassel. Hy was 'n algemene handelaar in die Kaapkolonie. Toe Wallach 14 jaar oud was, het sy ouers hulle in Pretoria gevestig. Op baie jong ouderdom het Wallach as boekhouer by 'n afslaersonderneming in die diens getree. Toe dié bankrot speel, het hy by 'n apteker gewerk. Deur bemiddeling van sy broer Ben, 'n werknemer by die Staatsdrukkerij, wat in dieselfde gebou as die *Mercantile Advertiser* en *Handels Advertentieblad* gehuisves was, is Izaak Wallach as boekhouer by dié weekblad aangestel en moes hy ook die set- en drukwerk daarvan hanteer. Hy is later tot bestuurder bevorder.⁶⁸

Engelenburg het verdere sakegeleenthede gesoek en het in die 1890's saam met ene Green die firma *Transvaal Railway Advertising Agents* bedryf. Die kantoor was geleë in die Argyle Chambers op die hoek van Pretorius- en Bankstraat. Teen 1899 was hulle nog in dié gebou.⁶⁹ Die Oosterspoorlyn (Pretoria-Komatipoort-spoorlyn) is teen die einde van 1894 voltooi, maar reeds in 1893 het Engelenburg met die Nederlandsch-Zuid-Afrikaanse Spoorwegmaatschappij (NZASM) 'n formele ooreenkoms aangegaan waarin die NZASM aan Engelenburg die uitsluitlike reg gegee het om advertensies en aankondigings op die stasies en langs die spoorlyne Komatipoort-Pretoria-Vereeniging en Springs-Krugersdorp aan te bring. Die advertensies en aankondigings kon geplaas word op perronne en in wagkamers van stasiegeboue; buite teen die stasiegeboue; buite op spesiaal daarvoor gemaakte advertensieborde; langs die spoorlyne; in die

⁶⁶ F.V. Engelenburg, "Praatjes van den dag", *De Volksstem*, 12.2.1891.

⁶⁷ NASA, Pretoria, TAB, SS, 2606, verw. R16114/90. Briefhoof van *De Transvaalsche Boekhandel*.

⁶⁸ E. Rosenthal, "Wallach, Izaak" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 800.

⁶⁹ H. Longland, *Longland's Pretoria Directory for 1899*, p. 61.

tweedeklasrytuie en deur middel van handborde en strooibiljette. Die NZASM het hom die reg voorbehou om advertensies en aankondigings wat uitsluitend op die spoorwegmaatskappy en sy dienste betrekking gehad het, self te plaas. Die NZASM was volgens kontrak verplig om soveel moontlik die belange van die ander party te bevorder. Persone wat wou adverteer, moes verwys word na Engelenburg by die *Volksstem*-kantoor in Pretoria. Hulle sou vooruit moes betaal en Engelenburg was daarop geregtig om die advertensietariewe vas te stel. Die NZASM was egter daarop geregtig om die minimum- en maksimumtariewe te bepaal en waar die advertensieborde aangebring sou word. Engelenburg is belet om advertensies wat op politiek of kerksake betrekking gehad het, of reklame teen of klagtes oor die NZASM te plaas. Hy het hom daartoe verbind om alle advertensies en aankondigings aan te bring óf op metaal of behoorlik omlyste houtborde of plate, óf op behoorlike kartonne wat vernis is. Hy moes ook sorg dat die borde, plate en kartonne onderhou word en altyd netjies lyk. Die NZASM het onderneem om die advertensies en aankondigings kosteloos te vervoer na waar dit opgerig moes word. Die persone wat gestuur is om dit by die stasies en spoorlyne aan te bring of te vervang, sou gratis tweede klas kon reis.⁷⁰

Engelenburg het gou ná sy aankoms in Pretoria bekend geword as politieke kommentator en meningvormer en het gedurende die laaste dekade van die negentiende eeu dikwels met president Paul Kruger, asook met Nederlandse persone wat hoë poste in die regering beklee het, gesels oor allerlei maatskaplike en politieke sake van landsbelang. Engelenburg het vroeg reeds 'n vriendskaplike band met Kruger gesmee en het die president dikwels op amptelike besoeke deur die land vergesel, soms as joernalis of as sekretaris.⁷¹ Reeds 'n maand ná sy aankoms kon hy aan Marie Koopmans-De Wet skryf:

⁷⁰ Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NBSA), Kaapstad, Algemene versameling, verw. AZP.1998-1, "Uittreksel ooreenkomst tussen Z.A.S.M. en advertentie agent dr. F.V. Engelenburg/ Transvaalsch Spoorweg Advertentie Agentschap", pp. 1-2.

⁷¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, subléer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 24.02.1890. Sien ook Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 16.01.1890.

Ik [ben] goede maatjes geworden met den President, hoewel ik mij wat mijn courant betref met nadruk mijn persoonlike onafhanklikheid voorbehoud.⁷²

Engelenburg het sedert sy skooljare in Arnhem al 'n bewondering vir president Kruger gehad.⁷³ Hoewel geen slaafse aanbieder van die regering nie, was Engelenburg Kruger en sy regering simpatiekgesind.⁷⁴ Engelenburg was veral besorg oor die ekonomiese vooruitgang van die land. As hoofredakteur kon hy daarin slaag om deur middel van sy hoofartikels in *De Volksstem* die publiek se aandag op ekonomiese en maatskaplike probleme te vestig.⁷⁵

Hy het mettertyd met 'n hele paar invloedryke mense in Pretoria kennis gemaak en by hulle aan huis gekom, onder andere Eduard Bok (1846-1904), lid van die Uitvoerende Raad, M.E. de Wildt (1855-1907), wat later in diens van die NZASM sou wees, H.C. Bergsma (1829-1899), konsul-generaal van die Nederlande in Pretoria, regter H.A. Ameshoff (1860-1905), hoofregter J.G. Kotzé (1849-1940), J.S. Marais (1833-1915), die ouditeur-generaal, en nog andere. Om in daardie jare in Pretoria by mense besoek af te lê, was moeilik, want dit was, volgens Engelenburg, haas onmoontlik om uit te vind waar die mense gewoon het. Daarby het die hitte bedags en die duisternis snags dinge bemoeilik.⁷⁶ Engelenburg was van plan om soveel mense moontlik te leer ken en geleidelik sy kring van bekendes uit te brei. Daarom het hy ook een middag Piet Joubert, kommandant-generaal van Transvaal, opgesoek, ten spyte van die feit dat

⁷² NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 11.11.1889.

⁷³ Anon., “De deputatie der Zuid-Afrikaansche Republiek, de gast van het L.S.C.”, *Vox Studiosorum Studenten Weekblad*, 10(9), Saterdag 15.03.1884. Engelenburg was lid van die *Leidsche Studenten Corps*.

⁷⁴ Redaksionele kommentaar, “De koorden der beurs”, *De Volksstem*, 16.02.1891; Redaksionele kommentaar, “Lucas Meyer in het politieke strijdperk”, *De Volksstem*, 26.11.1891; Redaksionele kommentaar, “Langzame zelfmoord”, *De Volksstem*, 09.01.1892; Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 02.08.1892 (die artikel handel oor Kruger se goeie hoedanighede as president); en Redaksionele kommentaar “De Volksraad”, *De Volksstem*, 16.02.1898.

⁷⁵ Redaksionele kommentaar, “Gebrekkig finanieel bestuur”, *De Volksstem*, 18.08.1894; Redaksionele kommentaar, “De koorden der beurs”, *De Volksstem*, 16.02.1891; Redaksionele kommentaar, “Ondervinding maakt wijs”, *De Volksstem*, 28.10.1889; Redaksionele kommentaar, “Onze invoer”, *De Volksstem*, 02.02.1895; Redaksionele kommentaar, “Onze toekomstige steenkool-industrie”, *De Volksstem*, 18.12.1890; Redaksionele kommentaar, “Departement van Landbou”, *De Volksstem*, 20.03.1890; Redaksionele kommentaar, “Departement van Landbou II”, *De Volksstem*, 24.03.1890.

⁷⁶ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 02.01.1889. Engelenburg gebruik 2 Januarie 1889 as datum, maar die korrekte jaartal was 1890.

Joubert Kruger se politieke opponent was.⁷⁷ Hy het uit die staanspoor probeer om die siel van die Transvaalse Boer te peil en te verstaan en het waarskynlik besef dat die meeste se visie net sover gestrek het as dit wat hulle self deurleef het.

Aan die einde van Desember 1889 en die begin van Januarie 1890 het Kruger 'n amptelike reis na die buitewyke van die Republiek onderneem om met die burgers in aanraking te kom en vergaderings toe te spreek om kiesers te werf.⁷⁸ Engelenburg het die tog meegemaak en vir hom moes dit 'n besondere ervaring gewees het om met die plattelandse gemeenskap kennis te maak. Hy was toe skaars twee maande in die land. In *De Volksstem* het hy in 'n verslag sy wedervaringe van die afgelope reis weergegee en ook vertel watter merkwaardige man die staatshoof was. Nietenstaande sy voortdurende liggaamlike vermoeienis was Kruger elke oomblik van die dag, selfs ná 'n vermoeiende reis, gereed om 'n langdurige kruisvuur van dikwels ingewikkelde vrae en strikvrae te beantwoord.⁷⁹

Engelenburg het die president daarna dikwels op sy verkiesingsreise vergesel. Die gewoonte was dat hulle ongeveer twee weke wegbly en gewoonlik het hulle by een of ander gesin tuisgegaan. Die gasvroue het gewoonlik alles uitgehaal om die keurigste maaltye voor te sit en het Kruger en Engelenburg alleen laat aansit. Engelenburg het later aan vriende vertel dat die president, wanneer hulle vir 'n maaltyd moes aansit, in 'n diep stem gesê het: “Kom ons bid”. Daarna is daar in stilte geëet en teen die tyd dat die president klaar geëet het, het Engelenburg nog skaars begin. Ten spyte daarvan sou dit van die president kom: “Kom ons dank”. Engelenburg was sy lewe lank 'n fynproewer wat kos en wyn betref en het 'n plan beraam en die gasvroue ingelig dat 'n gewone koerantmannetjie soos hy darem nie saam met die president mag aansit nie. Van toe af is dit so gereël dat Kruger eers alleen klaar bedien is, waarna Engelenburg aan die beurt gekom het. Gevolglik kon hy op sy tyd die smaaklike boerekos geniet.⁸⁰

⁷⁷ NASA, Pretoria, Engelenburgversameling, A140, band 10, subliër 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 02.01.1889.

⁷⁸ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 16.01.1890.

⁷⁹ Redaksionele kommentaar, ongetiteld, *De Volksstem*, 16.01.1890.

⁸⁰ R. Stead, “Dr. F.V. Engelenburg” in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 29. Mev. Stead het vir die artikel onder andere 'n onderhoud met prof. T.H. le Roux gevoer. Prof. Le Roux het Engelenburg goed geken en het die staaltjie vertel soos Engelenburg dit eenkeer aan hom vertel het.

Engelenburg en sy siening oor die Volksraad

Toe die nuwe Volksraadsaal⁸¹ op Kerkplein gebou is, het Engelenburg die bouwerk met belangstelling dopgehou. Hy het besondere belangstelling daarin getoon omdat dit die plek sou wees waar belangrike landsbesluite deur die Volksraad geneem sou word. Hy het op die terrein rondgestap en oor die lae mure rondgeklim en alles bekyk. Die boumeester het genoem dat die raadsaal met omliggende vertrekke in Mei 1890 vir die Volksraadsittinge gereed sou wees. Engelenburg het gedink dat slegs 'n wonderwerk dit sou laat gebeur. Op 21 April 1890 het hy berig dat dit lyk of die wonderwerk gebeur het. Engelenburg het hom opnuut na die “steenen gevaarte” op Kerkplein begewe. Waar indertyd niks anders as swaar steenmassas uit die grond verrys het nie en daar nog geen denkbeeld van 'n paleis gevorm kon word nie, kon die besoeker nou deur sierlike portale en lang gange wat tot ontelbare vertrekke toegang gegee het, rondwandel.⁸² Vir Engelenburg was die grootste aantrekkingskrag van die gebou die groot vergadersaal, wat weldra gereed sou wees vir die plegtige opening van die Volksraadsittinge van 1890. Daar was ook 'n groot galery wat vir die koerantverslaggewers ingerig was.⁸³ Die wapen van die ZAR moes nog aan die voorkant van die gebou aangebring word en die beeldhouer, Anton van Wouw (1862-1945), is gevra om die beeldhouwerk te doen. Van Wouw was vier maande ouer as Engelenburg en het in 1889 (dieselfde jaar as Engelenburg) van Rotterdam na Suid-Afrika gekom. Die jong Boererepubliek het maar min moontlikhede vir 'n kunstenaar, veral 'n beeldhouer, gebied. Die Transvaalse Afrikanergemeenskap was in die tweede helfte van die negentiende eeu kultureel nog nie ver gevorder nie en die meeste inwoners het nie kuns waardeer nie. Daar was min geleentheid om 'n waardering vir kuns aan te kweek. Die gemeenskap het weinig daarvan verstaan. Die meeste Republikeinse burgers was pioniers van die veld wat woonplek, materiële sekuriteit en 'n kultuur vir Westerlinge in 'n onherbergsame hinterland moes kom vestig. Verfynde kunsgenot het buite hulle lewensfeer gelê – hulle was eenvoudig onbewus van hierdie soort lewenswaardes.⁸⁴ Die staatswapen op die voorgewel van die nuwe raadsaal was

⁸¹ Tans staan dit bekend as die Ou Raadsaal.

⁸² Redaksionele kommentaar, “De nieuwe volksraadsaal”, *De Volksstem*, 21.04.1890.

⁸³ Redaksionele kommentaar, “De nieuwe volksraadsaal”, *De Volksstem*, 21.04.1890.

⁸⁴ E. de Swardt, *Die lewe en werke van die Nederlandse kunstenaar Frans David Oerder*, p. 22.